

28 November

Skrifgedeelte: Romeine 5:1-11

Fokusgedeelte: Romeine 5:2-4

Die toets van die geloof

Geloof is 'n gawe van God, 'n geskenk uit die hemel! Jy is uit God gebore (Joh.1:12, 13)!

Mag ek vra: Hoe sterk is jou geloof? Is jou geloof eg? Hoe het jy gereageer toe dinge in jou lewe anders verloop het as wat jy beplan het? Toe die een terugslag en beproewing na die ander jou getref het? Toe jou man onverwags dood is ... of jou kind? Het jy toe met 'n ware geloof aan God vasgegryp of het jy in moedeloosheid hande in die lug gegooi en God verwyt omdat Hy dit toegelaat het dat al hierdie beproewinge oor jou gekom het?

As God aan jou 'n ware geloof gee, skeep Hy jou nie af nie. Hy oorlaai jou met soveel gawes. Romeine 5 is 'n jubellied oor die vryspraak wat ons ontvang en wat ons alleen deur die geloof deelagtig word (Rom. 4). Ons is splinternuwe mense, bevoorregte mense! Ons wat skuldig was voor God, is volkome vrygespreek omdat ons glo (5:1). Wonderlik is dit! Ons het deel aan die heerlijkheid van God (5:2). Dit alles ontvang ons deur Jesus Christus se kruisdood.

Maar dan kom die verrassende uitspraak: "Ons verheug ons ook in swaarkry ..." (5:3). Stem jy hiermee saam? Hier lê die toets van die egtheid van jou geloof. Nou is die tyd dat jou diepste geloofsverbondenheid aan God jou moet dra en jou moet sterk maak en jou laat volhard, sodat ook jy dit kan uitjubel: "Ek verheug my in swaarkry!"

Hierdie pad van God met sy kind, met jou, stel soms baie hoë eise. God laat wonderlike dinge op hierdie swaarkry-pad met sy kind gebeur. Het jy dit al ervaar? Hy maak jou sterk, Hy gee krag om te volhard, Hy laat jou vasbyt! Die swaarkry-pad is dan 'n suiwering van jou geloof sodat die egtheid van jou geloof hoop kweek wat soos 'n vlammetjie al sterker en sterker in jou lewe brand en jou onlosmaaklik aan God laat vasgryp!

Die toets van jou geloof is om onder die moeilikste lewensomstandighede in die geloof te volhard. God gee die krag daarvoor. Dit verryk jou en bring jou baie nader na God toe as om die rug op Hom te draai en Hom te verwyt.

Sing: Skrifberyming 1-1:7

Ds. Pieter J van der Walt (Emeritus)